# LAERSKOOL MIKRO

Telefoon: 021 –903 2126
E-pos: info@laerskoolmikro.co.za
Webwerf: www.laerskoolmikro.co.za

Spruitstraat
Kuilsrivier
7580

Posbus 53
Kuilsrivier
7579

***… waar kind nog kind kan wees …***

2/2024

23 Januarie 2024

Geagte Ouers

Onderwerpe wat in hierdie Mikrofokus aangespreek word:

1. Uit die Kantoor
2. Mikro Jolyt
3. Interhuis atletiekbyeenkoms
4. WhatsApp-groepe
5. Sport van die week
6. Skoolfonds 2024 en dataverifikasie
7. Mikro klerebank

## 1. UIT DIE KANTOOR

Dankie aan alle ouers wat hul kinders gehelp het en steeds help om alles vir onderrig gereed te kry. Dit vergemaklik die onderwysers se taak in die klas as elke leerder alle benodigdhede het.

Napoleon Bonaparte het gesê: *" Elke suksesvol afgehandelde taak, het begin met die voorneme om te probeer."*

Dikwels is ons bang om onsself vir 'n taak beskikbaar te stel, maar somtyds moet ons net onsself beskikbaar stel om te probeer. By die volgende twee geleenthede hoop ons om ouers te verkies wat van voorneme is om Laerskool Mikro 'n beter plek te maak.

i. Verkiesing van die MK50 komitee – Maandag, 5 Februarie 2024 om 19:00. Bestudeer asb. die onderstaande inligting en indien u belangstel om op hierdie komitee te dien, stuur asb. 'n e-pos aan me Elma Viljoen (eviljoen@laerskoolmikro.co.za) waar u noem dat u is beskikbaar is en dat u die verkiesing op die bogenoemde datum in persoon sal bywoon.

   Die MK50 Ondersteunersklub is 'n vrywillige organisasie met die doel om alle sport- en kultuuraktiwiteite van die skool te ondersteun deur:
   - ouerbetrokkenheid te bevorder;
   - finansiële bystand te verleen aan sportgroepe en vir kultuuraktiwiteite;
   - groter leerderbetrokkenheid by skoolaktiwiteite te bevorder;
   - om skakeling tussen ouers, oud-leerders en ondersteuners te bewerkstellig.

ii. Verkiesing van 'n nuwe beheerliggaam – Donderdag, 7 Maart 2024:
   'n Skool se beheerliggaam het 'n beleidmakende en oorsigrol en moet dikwels belangrike besluite neem wat alle ouers en leerders raak.

   - Alle ouers van die skool kan stem
   - 5 ouers van die skool moet verkies word
   - Dit sal 'n aanlynverkiesing (elektronies) wees
   - 'n Nominasieproses sal die verkiesing voorafgaan
   - Die beheerliggaam sal vir 'n termyn van drie (3) jaar dien

Ons gelukwensing aan Mnr Shaun Fabricius met sy vrou, Dané, se swangerskap. Ons wens vir haar alle voorspoed en gesondheid toe.

**2. MIKRO JOLYT – VRYDAG, 2 FEBRUARIE 2024**

Ons skop ons jaar se verrigtinge weer af met `n fantastiese geleentheid vir ons leerders en ouers met ons jolige Mikro Jolyt!!! Vanaf 16:00 tot 20:00 kan elke leerder aan `n wye verskeidenheid speletjies en aktiwiteite deelneem.

Om te kan deelneem, moet jy in besit van `n bandjie wees wat jy teen `n koste van R100 by jou klasopvoeder kan koop. Boeties en sussies wat nog nie 5 jaar oud is nie en ook wil deelneem, kan ***gratis*** deelneem.

**LW:** Slegs leerders wat `n volle R100 ("verkoop elke letter van die Mikro Jolyt – borgvorm teen R10/letter aan jou familie of vriende") insamel, sal `n bandjie vir toegang tot Mikro Jolyt ontvang om te kan deelneem.



`n Opwindende **SPOOKHUIS** wag weer vir dié wat die waagmoed het om dit te trotseer!!!

Na `n middag propvol pret en plesier, kan almal vanaf 20:30 tot 22:00 gaan **SOKKIE** @ R10/persoon – ***slegs kontant*** asb. Daar sal voldoende toesig wees! Toegangsfooi vir die sokkie word op die aand by die deure betaal. `n Verskeidenheid **KOSSTALLETJIES** sal almal se honger kan stil en dors kan les. Geen ouer hoef moeite te doen met aandete nie!!

Om ALLES TE KROON kan ouers `n heerlike lafenis in die **BIERTUIN** geniet vanaf 17:30 – 22:00 terwyl die talentvolle sanger, **VOSLOO BEKKER**, vir ure se vermaak en lekker saamkuier sal sorg!!!

Maak die **MIKRO JOLYT** `n jolige gesinsfees en moet dit nie misloop nie!!!

**3. INTERHUIS ATLETIEKBYEENKOMS: VRYDAG, 26 JANUARIE 2024 en SATERDAG, 27 JANUARIE 2024**

Vrydag, 26 Januarie 2024 is die "Big Brag" in die saal om 08:00.

Die skool **sluit vir alle gr. 1- tot 7-leerders** op Vrydag, 26 Januarie 2024 om **12:30**. Die velditems begin stiptelik om 13:00. Saterdag, 27 Januarie 2024 se optog begin om 07:10 en baanitems begin om 08:00.

Ons versoek dat alle ouers en atlete die dag sal bywoon. Dit beloof om 'n wonderlike dag vir die hele gesin te wees.

Die program sal op die D6 School Communicator geplaas word. Neem kennis dat daar nie tye by die verskillende items op Saterdag se rooster is nie. Daar sal vroegtydig afgekondig word vir elke item.

Ons sien uit na 'n heerlike gesinsdag!

**4. WHATSAPP-KLASGROEPE**

Hierdie is 'n lys van ons WhatsApp-klasgroepe. U kan hierdie gebruik om deel te word van dié groepe. Ons wil baie graag hê dat ten minste een van die kind se ouers op hierdie groep moet wees. Op hierdie groep word daar baie belangrike inligting versprei.

Volg asseblief dié stappe om deel te word van die groep (Gebruik verkieslik 'n selfoon om die stappe te volg):

a. Maak seker in watter klas u kind/kinders is.

b. Gaan kliek op toepaslike skakel. Die skakel gaan u dan deurneem na WhatsApp.
c. Kliek op "Join Group" indien dit die regte groep is.
d. Stuur dan 'n boodskap op die groep met u kind se naam en van sodat die onderwyser kan kontroleer wie u is. Indien u nie op hierdie groep hoort nie, gaan die onderwyser u verwyder. Die groepe gaan op die 31ste Januarie verander word na 'n "Broadcast" groep.
e. Hierdie groepe mag nie gebruik word om wedersyds te kommunikeer nie en geen nommers mag uitgegee word aan enige iemand nie. Respekteer ook asseblief mekaar se privaatheid.

| **Klas** | **Skakel** |
|---|---|
| **GRAAD R** | |
| Graad R.1<br>(Mev. J. Weyers) | https://chat.whatsapp.com/HeZ0i0wdVeUFm3GDiOTsq9 |
| Graad R.2<br>(Mev. A. Deyzel) | https://chat.whatsapp.com/ENB3wPOICs0BNUxfjblZwk |
| Graad R.3<br>(Mej. D. Smith) | https://chat.whatsapp.com/INHM8AaHzKV2NvpKvs7fYr |
| Graad R.4<br>(Mej. K. Jordaan) | https://chat.whatsapp.com/Dd00HMI5iCjGIA42YzxF5D |
| **GRAAD 1** | |
| Graad 1.1<br>(Mev. L Mouton) | https://chat.whatsapp.com/LLz1FZp9FETEzd7H4DSzFm |
| Graad 1.2<br>(Mev. C Lamprecht) | https://chat.whatsapp.com/DKXEse1v4RaKLdyT85ZfRC |
| Graad 1.3<br>(Mev. A Cronjé) | https://chat.whatsapp.com/F223Lf8KrUiCXJOxSzOUqk |
| Graad 1.4<br>(Mev. N Orlandini) | https://chat.whatsapp.com/BwR9H3oTrjAHTayHEgaRBi |
| **GRAAD 2** | |
| Graad 2.1<br>(Mev.N.Marais) | https://chat.whatsapp.com/FqI8SdHmqXVCCbmWtGcfFl |
| Graad 2.2<br>(Mev.R. Nieuwoudt) | https://chat.whatsapp.com/BADNqG5ID514XK7X9XYGPV |
| Graad 2.3<br>(Mev.T. Visser) | https://chat.whatsapp.com/JaJZagMDizg7tNcJC2cBM9 |
| Graad 2.4:<br>(Mev.M. J.v.Vuuren) | https://chat.whatsapp.com/LadbwmluZRa6oSgN9aMNQn |
| **GRAAD 3** | |
| Graad 3.1<br>(Mev. Z. Meyer) | https://chat.whatsapp.com/LuA4lq7aOU8F44jswNnu69 |
| Graad 3.2<br>(Mev. S. Albertyn) | https://chat.whatsapp.com/CEcTAIUK1R57zOrz0ekA4C |
| Graad 3.3<br>(Mev. T. Jordaan) | https://chat.whatsapp.com/CknVs2oBUDcD4OP7CORr1f |
| Graad 3.4<br>(Mev. D. Taljaard) | https://chat.whatsapp.com/I8g1ZKYrcil42y2Ol7hf2N |
| **GRAAD 4** | |
| Graad 4.1<br>(Mev. L. Burger) | https://chat.whatsapp.com/GB3zZ25z2Cn0povm0u6uw2 |
| Graad 4.2<br>(Mev. M. Wessels) | https://chat.whatsapp.com/LB29NEc5TItKMubCyiQGGh |
| Graad 4.3<br>(Mev. L. Koen ) | https://chat.whatsapp.com/HTShCx0eMtl9bM15bpNWDY |
| Graad 4.4<br>(Mev. S. Nel ) | https://chat.whatsapp.com/I5FxbayndZqFWn2wAaz3IR |
| **GRAAD 5** | |
| Graad 5.1<br>(Mev. M. Swart) | https://chat.whatsapp.com/EnXQpBnHgqrKjd0CqIB6U0 |

| | |
|---|---|
| Graad 5.2<br>(Mnr. A. Van der Merwe) | https://chat.whatsapp.com/JvQNaJQwaaWLMkVxySU6T5 |
| Graad 5.3<br>(Mev. D. Kirsten) | https://chat.whatsapp.com/BsQxJ3CMgjc9kaRW21jAV8 |
| Graad 5.4<br>(Mnr. R. Terblanche) | https://chat.whatsapp.com/IGCvUy34cjHFqlW7BX1dhq |
| **GRAAD 6** | |
| Graad 6.1<br>(Mnr. H. Wichers) | https://chat.whatsapp.com/FftU6TNtUYXEjVKRHwhXlC |
| Graad 6.2<br>(Mev. A. Visser) | https://chat.whatsapp.com/C6GMv0r1MjF3ArIraBXlHL |
| Graad 6.3<br>(Mev. M. Olivier) | https://chat.whatsapp.com/GQ8AymswsMB9VOKieAyxBd |
| Graad 6.4<br>(Mnr. S. Fabricius) | https://chat.whatsapp.com/H6BpNHJ0Wia4cjQ5ZWxDcl |
| **GRAAD 7** | |
| Graad 7.1<br>(Mev. A. Boshoff) | https://chat.whatsapp.com/DFHU8cyLwOBDk3jXhvPPyE |
| Graad 7.2<br>(Mnr. J. Theron) | https://chat.whatsapp.com/L6QoOE6IVpO8JvtCykCxCI |
| Graad 7.3<br>(Mej. S. van Wyk) | https://chat.whatsapp.com/GogEHCh6xM8LuB05ydkwVu |
| Graad 7.4<br>(Mej. R. Langeveldt) | https://chat.whatsapp.com/I4DkB30gCoXGi8Bb36shfP |

## 5. SPORT van die WEEK: 23 JANUARIE 2024 tot 26 JANUARIE 2024

- Woensdag, 24 Jan. 2024
  - Atletiek by Gene Louw
- Vrydag, 26 Jan. 2024
  - Interhuisatletiek- Velditems (begin om 13:00)
- Saterdag, 27 Jan. 2024
  - Interhuisatletiek- Baanitems (begin om 08:00)

Krieket: Groepe
o.7 Krieket: https://chat.whatsapp.com/BaBKNwASBqz8rcPVPE1sxQ
o.8 Krieket: https://chat.whatsapp.com/JmWatcOeJlmG6kIY9aHmg3
o.9 Krieket: https://chat.whatsapp.com/KPNjW34yueV5M35FBnAiX9
o.11 (& o.10) Krieket: (Afrigter reël self met ouers)

## 6. SKOOLFONDS 2024 en DATAVERIFIKASIE

**Skoolfonds 2024**
Die skoolfondsbedrag vir graad R – 7 beloop R19 745-00 per leerder vir die jaar.
Sou u 'n eenmalige betaling van R18 758-00 maak voor/op 31 Januarie 2024, kwalifiseer u vir 'n 5% korting.

Skoolfonds is betaalbaar op 1 Januarie van die betrokke skooljaar en mag, met die goedkeuring van die Skoolbeheerliggaam, in 11 gelyke maandelikse paaiemente van R1 795-00 betaal word. Paaiemente vanaf Februarie tot Desember is **vooruitbetaalbaar** op die **EERSTE** van elke maand.

Sou u om finansiële hulp wil aansoek doen om vermindering van skoolfonds, kan die aansoekvorm deur 'n volwasse persoon by die Finanskantoor afgehaal word. 'n Ontvangsregister word geteken met die ontvangs daarvan.

**Data Verifikasie**
Alle leerders ontvang **vandag (23 Januarie 2024)**, 'n dataverifikasievorm wat asseblief deur die ouer gekontroleer moet word. Indien daar veranderinge is, moet dit asseblief **duidelik** op die vorm aangedui word. Die vorm moet deur 'n ouer onderteken word en voor/op Donderdag, 25 Januarie 2024, na die skool teruggestuur word.

## 7. MIKRO KLEREBANK

Elke **eerste** Dinsdag van die maand (behalwe in skoolvakansies) is daar 'n geleentheid vir ouers om tweedehandse klere by die OWO-klerebank by die skool aan te koop.
Tyd: 17:00 – 18:30
U maak van Diederikkiestraat se ingang gebruik en volg die aanwysings na die klerebank.

Elke Dinsdagoggend kan **SLEGS leerders** na die klerebank gaan om klere by die klerebank aan te koop. Ouers moet op die OWO-pryslys onder BRONNE op D6 seker maak van pryse.
Tyd: 07:20 – 07:40

Me Jo-Ann Louw kan, SLEGS GEDURENDE KANTOORURE, telefonies gekontak word by 079 900 5205 indien u vooraf bestellings wil plaas. E-pos kan gerig word aan: owo@laerskoolmikro.co.za

Voorspoed vir die week.

L. Mouton
SKOOLHOOF












## 2024 INLIGTINGSAANDE

Maak seker u woon u kind se inligtingsaand by.

| | |
|---|---|
| **GRAAD 1**<br>17 Januarie<br>19:00 | **GRAAD R**<br>18 Januarie<br>19:00 |
| **GRAAD 2**<br>22 Januarie<br>19:00 | **GRAAD 4**<br>23 Januarie<br>19:00 |
| **GRAAD 7**<br>24 Januarie<br>18:00 | **GRAAD 3**<br>25 Januarie<br>19:00 |
| **GRAAD 5**<br>29 Januarie<br>19:00 | **GRAAD 6**<br>30 Januarie<br>19:00 |
| **EHL**<br>31 Januarie<br>19:00 | **NASORG**<br>1 Februarie<br>18:30 |






# JANUARIE 2024

| Maandag | Dinsdag | Woensdag | Donderdag | Vrydag | Saterdag | Sondag |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1<br>VAKANSIE | 2<br>VAKANSIE | 3<br>VAKANSIE | 4<br>VAKANSIE | 5<br>VAKANSIE | 6<br>VAKANSIE | 7<br>VAKANSIE |
| 8<br>VAKANSIE | 9<br>VAKANSIE | 10<br>VAKANSIE | 11<br>VAKANSIE | 12<br>VAKANSIE | 13<br>VAKANSIE | 14<br>VAKANSIE |
| 15<br>Ribbens pakkette<br>@16:00-19:00 | 16<br>**Ontvangs van 2024 Gr. 1-leerders en ouers**<br>**@08:00-09:00**<br>Ribbens pakkette<br>@16:00-19:00 | 17<br>**SKOOL HEROPEN**<br>**@07:40**<br>Tennisproewe (o.11 Seuns)<br>**Graad 1 Inligtingsaand**<br>**@19:00** | 18<br>Tennisproewe (o.11 Seuns)<br>**Graad R Inligtingsaand**<br>**@19:00** | 19<br>Netbal Demostrasie (SHIFT)<br>Gr. R-7 @14:15-14:45<br>o.13A Krieket: 6-a-side (W)<br>Curro Durbanville<br>Gr. R Piekniek<br>@18:00-19:00 | 20<br>Tennis Demostrasie<br>Gr. R-3 | 21 |
| 22<br>**Graad 2 Inligtingsaand**<br>**@19:00** | 23<br>Seniorkoor oefening<br>@ na skool - 18:00<br>**Graad 4 Inligtingsaand**<br>**@19:00** | 24 **NETHEIDSKONTROLE**<br>Atletiek (W)<br>Gene Louw<br>**Graad 7 Inligtingsaand en braai**<br>**@18:00** | 25<br>**Graad 3 Inligtingsaand**<br>**@19:00** | 26<br>**Interhuisatletiek**<br>**Velditems**<br>**@13:00** | 27<br>**Interhuisatletiek**<br>**Baanitems** | 28 |
| 29<br>**Graad 5 Inligtingsaand**<br>**@19:00** | 30<br>Seniorkoor oefening<br>@ na skool - 18:00<br>**Graad 6 Inligtingsaand**<br>**@19:00** | 31<br>**English Home Language Information evening**<br>**@19:00** | | | | |

***Datums is onderhewig aan veranderinge/kansellasies.**

**BLOU: Datums bygekom** **ROOI: Datums het verander**